# HOOFSTUK 13 – DISNEYLAND

**SIKLUS 13: WEEK 5 & 6**



## LES 1: LUISTER EN PRAAT

GROEPBESPREKING

Dit is seker enige jong kind, sowel as ouer persoon, se droom om eendag Disneyland in Kalifornië te besoek. Maak 'n lys van Disney-karakters wat jy graag in lewende lywe sal wil ontmoet.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Watter Disney-karakter is jou gunsteling en hoekom sê jy so?

| |
|---|
| |
| |
| |

## LES 2: LUISTER EN PRAAT

GROEPBESPREKING

Lees as 'n klas deur die onderstaande uittreksel (Wikipedia) oor wie Walt Disney werklik is. Beantwoord dan as 'n groep die vrae wat volg.

**Walt Disney** (* 5 Desember 1901 - † 15 Desember 1966) was 'n Amerikaanse tekenprentvervaardiger en filmmaker. Hy is die vader van tekenprentfilms en die skepper van wêreldbekende tekenprentkaraktertjies soos Donald Duck, Mickey Mouse en Goofy wat kinders en grootmense van oor die hele wêreld al vir dekades lank vermaak. Disneyland met sy tegniese en sprokiesagtige besienswaardighede wat in 1955 naby Los Angeles opgerig is, was Walt Disney se breinkind. So ook Disney World en Disneyland naby Orlando, Florida. Beide pretparke is onder die gewildste toeriste-aantreklikhede in die wêreld.

**VRAE:**

1. Hoe oud was Walt Disney toe hy oorlede is?
2. Watter twee beroepe het Walt Disney beoefen?
3. Noem drie wêreldbekende tekenprentkarakters wat Walt Disney geskep het.
4. Wanneer is Disneyland naby Los Angeles, opgerig?
5. Gee 'n antoniem vir die woord "gewildste".
6. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Disney World is in (Los Angeles/Orlando, Florida) geleë.

7. Uit watter bron kom die uittreksel?
8. Was een van julle al so bevoorreg om Disneyland of Disney World te besoek? Bespreek.

## LES 3: LEES EN KYK

### LEESBEGRIP

Lees deur die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

### Disneyland se geskiedenis begin met 'n droom



Toe hy gevra word hoe hy die idee vir Disneyland gekry het, het Walt Disney eenkeer gesê hy het gedink daar moet 'n plek vir ouers en kinders wees om saam pret te hê, maar die ware verhaal is meer ingewikkeld.

In die vroeë 1940's het die kinders begin vra om te sien waar Mickey Mouse en Sneeuwitjie woon. Disney het gedink mense sou dink sportprenttekenaars is vervelig. En mense sou nie wou sien hoe hulle die sketse teken nie.

In plaas daarvan het hy gedink om 'n karaktervertoning langs die ateljee te bou. Kunstenaar-argitek, John Hench, word aangehaal in die *Disneyland News Media Source Book*: "Ek onthou verskeie Sondae wat ek Walt in die straat sien staan het waar hy visualiseer het hoe sy projek moes lyk."

Die Disneyland-bronboek skryf: "Ek kon nooit die finansiers oortuig dat Disneyland haalbaar is nie, want drome bied te min sekuriteit." Hy het teen sy lewensversekering geld geleen en sy tweede huis verkoop, net om sy idee te ontwikkel tot die punt waar hy ander kon wys wat hy in gedagte gehad het. Studiowerknemers het aan die projek begin werk en is uit Disney se persoonlike fondse betaal. Kunsdirekteur Ken Anderson, het gesê Disney het nie onthou om hulle elke week te betaal nie, maar uiteindelik het hy goed gevaar. Hy het groot nuwe rekeninge uitgereik wat hy nie baie akkuraat bestuur het nie.

Disney en sy broer, Roy, het alles wat hulle besit het, verkoop om $ 17 miljoen in te samel om Disneyland te bou, maar dit was nog steeds te min geld om Disneyland te bou.

ABC-TV het ingestem met 'n lening van $ 6 miljoen in ruil vir deelbesit en Disney se verbintenis om 'n weeklikse televisieprogram vir hulle te produseer.

Toe die Stad van Burbank 'n versoek om Disneyland daar te bou afgekeur het, het 'n belangrike hoofstuk in Disneyland se geskiedenis begin. Disney was betrokke by *Stanford Research Institute*, wat Anaheim as die sentrum van Suid-Kalifornië se toekomstige groei geïdentifiseer het.

Disney het 160 hektaar van Anaheim-lemoenbome gekoop en op 1 Mei 1954 met die konstruksie van Disneyland begin. Die sperdatum van Julie 1955 het onmoontlik begin lyk.

BRON: Betsy Malloy: https://af.traasgpu.com/disneyland-geskiedenis-dit-het-begin-met-n-droom/

**VRAE:**

1. Gee die titel van die artikel.
2. Waar kom die idee vir Disneyland vandaan?
3. Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Kinders het (jare gelede/onlangs) begin vra waar Sneeuwitjie en Mickey Mouse woon.
4. Wat het Walt Disney gedink sal die mense se opinie oor spotprenttekenaars wees? Gee EEN WOORD.
5. Watter WOORD bewys dat Walt Disney in sy gedagtes beplan het hoe Disneyland sal lyk?
6. Waar het Walt se eerste fondse vandaan gekom om Disneyland te begin?
7. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur 'n frase aan te haal.
   Volgens Ken Anderson het Walt Disney hulle weekliks gereeld betaal.
8. Hoeveel moes Walt Disney en sy broer insamel om Disneyland te bou?
9. ABC-TV het 'n lening van $6 miljoen gewaarborg in ruil vir twee dinge. Noem die twee dinge.
10. Wanneer het 'n belangrike hoofstuk in Disneyland se geskiedenis begin?
11. Wanneer het Disneyland se konstruksie begin? Gee die volledige datum.
12. Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
    Julie 1955 was 'n onmoontlike sperdatum wat beteken het dat dit (maklik/moeilik) sou wees om Disneyland klaar te bou.

## LES 4: LEES EN KYK

LETTERKUNDE: DRAMA

### DIE HALSSNOER

Jou onderwyser gaan vir julle die drama voorlees (Afrikaans Sonder Grense Graad 9 Leesboek). Luister aandagtig daarna. Maak 'n opsomming oor die drama in jou eie woorde.

### OPSOMMING

## LES 5 & 6: SKRYF EN AANBIED

LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### ONDERHOUD

**WENKE**

- Vra oop vrae sodat die persoon met wie die onderhoud gevoer word, kan uitbrei op hul antwoord, bv. "Hoe was jou ervaring en hoekom het jy dit gedoen?"
- Tipe vrae:
  - Wat? Wie? Waarom? Wanneer? Waar? Hoe?
  - Wat was die oorsaak/gevolg van wat voorheen gebeur het?
  - Wat is die uiteinde/gevolge?
  - Wat was positief/negatief?
  - Hoe voel jy daaroor?
  - Wat was interessant?
  - Sal jy dit weer doen?
  - Wat het jy hieruit geleer?
  - Watter les kan jy aan ander leer?

**ONTHOU**

- Die spelling van die name en vanne is belangrik.
- Maak seker oor die persoon se titel; meneer, mevrou, mejuffrou, professor, doktor.
- Hou die vrae interessant en relevant.
- Doen deeglike navorsing sodat jy weet waarvan jy praat.
- Begin die onderhoud met 'n stelling sodat mense weet met wie die onderhoud gevoer word.
- Dit kan formeel of informeel wees, afhangende van die persoon se status.
- 'n Persoon van hoë status, word as u aangespreek.
- Inligting moet logies en in volgorde wees.
- Skryf in die teenwoordige tyd.

**FORMAAT**

- Kort titel/opskrif.
- 'n Subtitel kan gegee word.
- Laat 'n reël oop.
- Voorstelling van die persoon met wie die onderhoud gevoer word asook wie die onderhoudvoerder is.
- Skryf vraag (reël oop), antwoord (reël oop) ens.
- Die slotparagraaf moet die onderhoud saamvat.

**OPDRAG:**


Jy het die groot voorreg gehad om 'n onderhoud met Walt Disney te voer. Skryf 'n onderhoud van **140-160 woorde** neer. Onthou om 'n titel te gee.

## LES 7: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Mense, Lande en Tale

## MENSE, LANDE, TALE

Voltooi die blokkiesraaisel deur die leidrade te volg.



**AF**
1. Japanners woon hier
3. Mense wat in Duitsland woon word dit genoem
4. Skotte woon hier
5. Mense van Rusland praat die taal
6. Hollanders praat die taal
7. Mense wat in Indië woon
8. Mense wat Spaans praat word dit genoem
9. Chinese mense woon hier
11. Franse mense woon hier
14. Suid-Afrika het soveel amptelike tale
15. Mense in Denemarke praat die taal

**DWARS**
2. Mense van Kanada word dit genoem
10. Italianers praat die taal
12. Mense wat in Amerika woon
13. Mense van Portugal word dit genoem
16. Mense in Engeland praat die taal
17. Mense van Ierland word so genoem

## LES 8: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Geslag

## GESLAG

Skryf die teenoorgestelde geslag van die volgende woorde neer, soek die woorde dan in dié blok.

| | | |
|---|---|---|
| 1. suster ____________ | 12. lektor ____________ | 22. sekretaresse ____________ |
| 2. bruid ____________ | 13. mevrou ____________ | 23. skryfster ____________ |
| 3. buurvrou ____________ | 14. neef ____________ | 24. spreker ____________ |
| 4. heer ____________ | 15. monnik ____________ | 25. stiefseun ____________ |
| 5. danser ____________ | 16. onderwyseres ____________ | 26. stiefmoeder ____________ |
| 6. god ____________ | 17. oujongkêrel ____________ | 27. broerskind ____________ |
| 7. held ____________ | 18. oupa ____________ | 28. skoonsuster ____________ |
| 8. kelner ____________ | 19. pianis ____________ | 29. oom ____________ |
| 9. koning ____________ | 20. redaktrise ____________ | 30. heks ____________ |
| 10. kunstenaar ____________ | 21. sanger ____________ | 31. vriend ____________ |
| 11. leidster ____________ | | 32. weduwee ____________ |

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| t | y | n | y | u | f | x | g | m | w | a | u | d | s | n | s | l | n | k | k | z | m | l | g | z | w | z | o | p | i |
| r | o | p | a | d | s | l | i | s | w | p | o | i | a | e | g | a | n | i | b | j | n | n | q | q | k | t | n | f | z |
| n | l | j | b | l | l | x | x | j | c | o | e | j | s | m | m | n | n | x | x | o | u | i | k | w | c | p | u | w | j |
| t | b | a | j | g | o | o | h | c | b | c | t | p | u | s | e | o | b | g | m | l | n | d | c | k | k | y | k | p | z |
| j | y | j | f | o | p | c | m | p | n | j | s | r | s | m | k | f | l | n | e | i | d | l | u | f | h | n | a | n | i |
| a | z | t | s | a | p | d | t | c | p | a | i | e | t | y | a | r | z | g | r | r | g | e | p | a | t | w | z | k | x |
| o | n | d | e | r | w | y | s | e | r | v | n | a | e | l | z | m | y | e | a | e | e | h | y | t | o | d | h | u | d |
| t | p | f | e | l | e | y | o | q | x | v | a | w | r | k | z | g | n | w | s | j | j | s | f | j | o | d | j | n | n |
| m | o | g | e | d | i | u | r | b | x | g | i | s | s | q | r | l | e | v | e | x | v | u | f | a | k | w | j | s | n |
| r | e | t | s | k | e | e | r | p | s | r | p | t | k | z | e | f | a | b | d | r | w | r | f | k | f | j | i | t | l |
| g | o | m | f | r | d | g | w | e | r | e | m | k | i | k | r | l | x | l | x | u | r | v | r | v | y | p | l | e | f |
| k | d | n | p | g | r | d | a | h | j | o | d | a | n | s | e | r | e | s | r | e | e | e | r | d | b | e | z | n | q |
| k | w | q | i | g | k | a | o | w | k | r | c | k | d | u | t | e | b | h | d | y | t | i | q | q | i | r | y | a | u |
| z | g | s | v | g | i | f | m | i | p | b | u | f | o | a | f | m | e | a | y | q | g | j | g | e | v | z | p | r | j |
| r | i | g | t | k | n | d | q | r | c | t | w | t | l | h | v | y | v | o | a | y | s | n | r | g | z | s | w | e | c |
| k | u | f | m | a | g | i | l | g | q | a | n | v | j | j | i | f | f | c | e | v | n | h | d | o | i | r | j | s | j |
| y | x | k | m | i | g | e | n | f | y | o | h | u | t | v | e | q | x | j | c | q | n | m | d | c | f | n | v | g | n |
| r | f | p | p | j | k | m | e | o | s | q | j | m | x | i | z | y | o | z | s | t | w | i | q | x | x | g | y | z | u |
| t | s | r | z | t | u | v | r | e | k | s | n | u | t | s | v | l | z | b | n | v | q | e | d | y | h | p | z | i | b |
| x | d | i | r | a | m | o | k | w | t | y | j | s | t | a | z | l | l | e | m | j | d | t | w | n | p | g | q | i | u |
| g | o | i | g | u | p | r | p | l | k | k | r | i | k | g | s | l | t | b | y | i | r | q | n | e | e | j | p | s | u |
| c | s | l | v | m | e | m | a | n | k | z | e | i | o | o | n | g | n | o | j | u | o | v | r | d | n | i | i | w | r |
| e | a | u | y | t | r | e | n | o | e | f | d | l | g | y | h | l | n | g | e | k | t | d | v | h | s | a | r | j | m |
| i | v | l | a | m | i | d | m | d | d | w | a | a | t | w | n | q | k | b | p | x | m | e | n | e | e | r | a | v | a |
| g | w | r | j | n | c | p | c | o | t | u | k | m | e | a | r | a | a | n | e | w | o | t | y | p | i | d | x | r | n |
| e | i | n | n | q | g | a | g | f | v | g | t | a | c | h | m | i | l | l | x | e | h | k | y | v | m | v | a | i | e |
| s | r | a | p | k | f | t | d | y | a | j | e | l | s | l | b | u | i | g | r | i | b | c | x | d | w | d | b | h | l |
| a | t | o | q | q | e | r | f | q | j | w | u | r | p | d | p | c | o | g | o | d | i | n | w | n | d | e | x | p | k |
| l | f | s | o | r | e | b | o | w | v | q | r | s | p | t | r | g | b | l | u | v | f | y | o | s | s | c | q | k | l |
| n | y | i | r | c | z | d | y | q | r | j | v | y | r | x | j | c | j | t | e | z | f | j | j | n | b | s | u | s | i |